education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

**REKENINGKUNDE**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

**401-1/0A**

REKENINGKUNDE HG
Vraestel & Antwoordeboek

401 1 0A HG

**PUNTE: 400**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 'n antwoordeboek.**

# HIERDIE BLADSY MOET BLANKO BLY

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.

3. Toon AL die berekeninge sodat deelpunte toegeken kan word.

4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.

5. Kandidate sal punte verbeur vir:

   - Weglating van belangrike datums
   - Gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
   - Oormekaarskryf van syfers
   - Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.

8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | TYDGIDS IN MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Klubs | 55 | 24 |
| 2 | Begroting | 50 | 22 |
| 3 | Maatskappy | 65 | 28 |
| 4 | Vennootskap | 70 | 30 |
| 5 | Beslote korporasie | 45 | 20 |
| 6 | Kontrolerekeninge | 65 | 29 |
| 7 | Bateverkope | 50 | 27 |
| | **TOTAAL** | **400** | **180 minute** |

## VRAAG 1

**KLUBS** **(55 punte; 24 minute)**

### 1.1 INANDA NETBALKLUB

**GEVRA**:

Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**INLIGTING:**

- Die klub het 160 lede op die register op 1 Januarie 2005 gehad.
- Ledegeld beloop R2 000 per lid per jaar.
- Lede wat bedank ontvang 50% van hulle ledegelde terug op voorwaarde dat hulle hul ledegeld ten volle betaal het en bedank het voor 30 Junie 2005.
- Lede wat nie hulle uitstaande ledegeld vir 2004 voor 31 Maart 2005 betaal het nie is gederegistreer en hulle ledegeld is afgeskryf.
- Geen nuwe lede het by die klub gedurende 2005 aangesluit nie.
- Die tesourier het die volgende rekening vir die jaar opgestel:

**LEDEGELDREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2005 Jan | 01 | ? | 14 000 | 2005 Jan | 01 | ? | 18 000 |
| Des | 31 | Bank (terugbetalings) | 32 000 | Des | 31 | Bank | 268 000 |
| | | Vooruitontvange inkomste | 12 000 | | | Ledegeld afgeskryf | 8 000 |
| | | ? | 280 000 | | | Honorarium (tesourier) | 2 000 |
| | | | | | | Opgelope inkomste / ontvangbaar | 42 000 |
| | | | 338 000 | | | | 338 000 |

- Die klub het 'n dans gehou op 16 Desember 2005 en 92 kaartjies is verkoop teen R50 elk. Die Staat van Ontvangste en Betalings vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 het die volgende getoon:
  Invordering ten opsigte van verkope van danskaartjies R2 700
  Dansuitgawes betaal R3 800
  LET WEL: Verdere dansuitgawes van R1 400 is nog nie betaal nie.

**Beantwoord die volgende vrae:**

1.1.1 Hoeveel van die uitstaande ledegeld van 2004 is in 2005 ingevorder? (4)

1.1.2 Bereken die aantal lede wat die klub verlaat het en die helfte van hulle ledegeld terugontvang het. (4)

1.1.3 Bereken die aantal lede wat by die klub geregistreer is op 31 Desember 2005. (5)

1.1.4 Verskaf EEN moontlike verduideliking vir die bedrag van R2 000 aan die kredietkant van die Ledegeldrekening. (2)

1.1.5 Die voorsitter is bekommerd dat die gemeenskap van Inanda nie die klub ondersteun nie. Verduidelik TWEE moontlike redes vir sy bekommernis. (4)

1.1.6 Ten opsigte van inskrywings in die bostaande Ledegeldrekening, watter bedrae sal verskyn in die:

- Staat van Ontvangste en Betalings
- Staat van Inkomste en Uitgawes

Verskaf die bedrae en die beskrywings. (10)

1.1.7 Bereken die wins of verlies op die klubdans (toon aan of hierdie bedrag 'n wins of verlies is). (6)

1.1.8 Die voorsitter is bekommerd dat die tesourier onbekwaam is met die invordering van fondse wat aan die klub verskuldig is. Verskaf TWEE redes om sy mening te staaf, deur toepaslike bedrae te benoem. (4)

**1.2 PAARL VEERPYLTJIEKLUB**

**GEVRA:**

Bereken die wins op die verkoop van verversings vir die jaar geëindig 31 Desember 2005. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien. (Om hierdie bedrag te bereken, kan jy die relevante grootboekrekening opstel.) (16)

**INLIGTING:**

**Saldo's op 1 Januarie 2005:**

- Verversingsvoorraad voorhande, R2 500
- Krediteure vir verversings, R3 800

**Transaksies vir die jaar geëindig 31 Desember 2005:**

- Kontantaankope van verversings, R15 000.
- Kontantverkope van verversings, gedeponeer in die bank, R63 400.
- Tjekbetalings aan krediteure vir verversings, R18 100.
- Verversings aangekoop op krediet, R?

**Addisionele inligting op 31 Desember 2005:**

- Koste van verversings gesteel tydens 'n inbraak op 24 Desember 2005, R800
- Die versekeringseis van R600 ten opsigte van die diefstal van verversings op 24 Desember 2005 sal in Januarie 2006 ontvang word
- Die bedrag verskuldig aan krediteure vir verversings aan die einde van die jaar, R2 200
- Kontantverkope van verversings ontvang op 30 Desember 2005 maar eers op 2 Januarie 2006 gedeponeer, R1 300
- Verversingvoorraad voorhande aan die einde van die jaar, R1 900

**55**

## VRAAG 2

**BEGROTING** **(50 punte; 22 minute)**

Jy word van 'n onvoltooide Kontantbegroting van Witbank Beperk voorsien.

**GEVRA:**

2.1 Voltooi die Kontantbegroting vir die kwartaal geëindig 31 Maart 2007. (41)

2.2 Die werkers van Witbank Beperk voel dat hulle deur die direkteure uitgebuit word en hulle beplan om vir twee dae te staak gedurende Februarie of Maart 2007. Die direkteure voel egter dat die werkers regverdig behandel word.

- Dink jy dat die werkers se griewe gegrond is?
- Verskaf EEN rede TEN GUNSTE van die staking en EEN rede DAARTEEN. Haal in jou antwoord relevante bedrae uit die begroting aan. (9)

**INLIGTING:**

**Saldo's op 31 Desember 2006:**

| | |
|---|---|
| Kontant in die bank | R 22 700 |
| Gewone aandelekapitaal R5,00 elk | 350 000 |
| Handelsvoorraad (vastebasisvoorraad) | 100 000 |

**KONTANTBEGROTING VAN WITBANK BEPERK VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG OP 31 MAART 2007**

| **KONTANTONTVANGSTE** | **JANUARIE** | **FEBRUARIE** | **MAART** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | 190 000 | 250 000 | |
| Huurinkomste | 5 000 | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | **195 000** | | |
| | | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | 38 000 | | |
| Betalings aan krediteure (vir voorraad) | 66 900 | | |
| Lone aan werknemers (15 werknemers) | 70 000 | | |
| Direkteursfooie (3 direkteure) | 45 000 | | |
| Diverse bedryfsuitgawes | 22 100 | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE BETALINGS** | **242 000** | | |
| **Kontantsurplus (tekort)** | **(47 000)** | | |
| **Banksaldo aan begin van maand** | **22 700** | | |
| **Banksaldo aan einde van maand** | **(24 300)** | | |

**Addisionele inligting:**

1. Alle goedere word tans kontant verkoop teen 'n winsopslag van 100% op kosprys. Aangesien daar verwag word dat verkope gaan afneem gedurende die volgende jaar weens verhoogde kompetisie, sal daar 'n kontantuitverkoping gedurende Maart 2007 wees teen 'n afslag van 25%.

2. Die verwagte kredietaankope van handelsvoorraad is soos volg:

   Januarie – R57 000; Februarie – R75 000; Maart – R57 000

   Die aankoopbeleid is soos volg: 40% vir kontant en 60% op krediet. Alle goedere wat aangekoop word, word in dieselfde maand verkoop en die konstante voorraadvlakke van R100 000 word gehandhaaf.

3. Krediteure word binne 30 dae betaal onderhewig aan 'n 5%-korting vir tydige betaling.

4. Daar word verwag dat die maandelikse huurinkomste met R1 000 verhoog sal word vanaf 1 Maart 2007.

5. Witbank Beperk beplan om 'n langtermynlening van R120 000 uit te neem op 28 Februarie 2007. Die rente op die lening is maandeliks betaalbaar teen 'n rentekoers van 15% p.j.

6. Die volgende verhogings sal vanaf 1 Maart 2007 plaasvind:
   - Diverse bedryfsuitgawes sal na verwagting met die inflasiekoers van 5% verhoog.
   - Die lone van die 15 werkers sal met 8% verhoog.
   - Die drie direkteure sal elk 'n verhoging van R5 000 per maand ontvang.

7. Voorlopige belasting van R32 000 moet op 28 Februarie 2007 aan die SAID betaal word.

8. Ouditfooie moet op 31 Maart 2007 betaal word. Die ouditeure word betaal teen 'n koers van R550 per uur. Daar word verwag dat die oudit 30 uur sal neem.

9. Die maatskappy beplan om 'n finale dividend te verklaar van 12 sent per aandeel op 28 Februarie 2007. Die bedrag moet betaal word op 15 Maart 2007.

**50**

## VRAAG 3

**MAATSKAPPY** **( 65 punte; 28 minute)**

Umzinto Beperk het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 250 000 gewone aandele. Die pariwaarde van elke gewone aandeel is R3,00.

**GEVRA:**

3.1 Stel die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 op. (29)

3.2 Bereken die getal nuwe aandele wat op 1 Maart 2005 uitgereik is. (4)

3.3 Bereken die prys waarteen elke nuwe aandeel op 1 Maart 2005 uitgereik is. (4)

3.4 Bereken die skuld-tot-aandeelhouersbelangverhouding op 28 Februarie 2006. (5)

3.5 Umzinto Beperk poog om die verbandlening so gou as moontlik terug te betaal oor twee jaar. Dink jy dit is raadsaam? Verduidelik jou antwoord volledig deur gepaste bedrae of finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies) aan te haal. (9)

3.6 Die direkteure voel dat die aandeelhouers van Umzinto Beperk baie tevrede moet wees met die vertoning van die maatskappy vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2006.

Verduidelik DRIE punte om hierdie stelling te ondersteun. Verwys na die toepaslike finansiële aanwysers (verhoudings/persentasies) om hulle mening te staaf. (9)

3.7 Jy besit 10 000 aandele in die maatskappy. Die prys op die Aandelebeurs is 350 sent.

Sal jy jou aandele op die Aandelebeurs nou verkoop? Verskaf 'n geldige rede vir jou antwoord. (5)

**INLIGTING:**

Die volgende is 'n uittreksel uit die finansiële rekords van Umzinto Beperk op die laaste dag van die finansiële jaar:

| | 28 Februarie 2006 | 28 Februarie 2005 |
|---|---|---|
| **Saldo's** | **R** | **R** |
| Gewone aandelekapitaal | 525 000 | 450 000 |
| Gewone aandelepremie | 60 000 | 35 000 |
| Behoue inkomste | 32 930 | 7 100 |
| Vaste bates teen drawaarde | 495 000 | 327 000 |
| Verbandlening van Quick Bank | 120 000 | 180 000 |
| Bank (lopende rekening by Easy Bank) | Kt 87 000 | ? |
| | | |
| **Finansiële aanwysers** | | |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 29 sent | 27 sent |
| Dividende per aandeel (DPA) | 22 sent | 17 sent |
| Netto batewaarde (NBW) per aandeel | 176 sent | 164 sent |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA) | 22,5% | 23,4% |
| Opbrengs op aandeelhouersbelang (OOAHB) | 19,5% | 19,2% |
| Skuld-tot-aandeelhouersbelangverhouding | ? | 0,36 : 1 |

**ADDISIONELE INLIGTING OP 28 FEBRUARIE 2006:**

1. Kontant gegenereer uit bedrywighede beloop R140 100.
2. Die bedrag wat gedurende die jaar aan die SAID vir inkomstebelasting betaal is, was R40 100.
3. Die bedrag wat gedurende die jaar vir dividende betaal was, beloop R36 200.
4. Addisionele nuwe aandele is op 1 Maart 2005 uitgereik.
5. Vaste bates is verkoop teen boekwaarde vir R22 500 kontant. Die totale waardevermindering op vaste bates vir die jaar beloop R17 600.
6. Umzinto Bpk het R6 400 per maand aan Quick Bank betaal vir die volle finansiële jaar. Hierdie bedrag dek maandelikse rente en leningsterugbetalings ten opsigte van die verbandlening.
7. Rente op die oortrokke rekening op die Easy Bankstate word as R7 500 vir die finansiële jaar getoon.
8. Die huidige rentekoerse op lenings het gewissel tussen 11% en 13% oor die finansiële jaar, terwyl die koerse op bankoortrekkings van 16% tot 19% gewissel het.

**65**

## VRAAG 4

**VENNOOTSKAP** **(70 punte; 30 minute)**

### 4.1 BALANSSTAAT EN NOTAS

Jim Juggie en Barry Balwan is vennote in die firma wat handel dryf as JB Handelaars. Hulle boekhouer het nie die Balansstaat voltooi nie aangesien hy met siekverlof was. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2006.

**GEVRA:**

4.1.1 Die volgende notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 2006:

- Kapitaalrekeninge (van vennote) (3)
- Privaatrekeninge (van vennote) (15)

4.1.2 Balansstaat op 28 Februarie 2006 (Toon berekeninge tussen hakies waar daar geen notas is nie.) (43)

**INLIGTING:**

**Uittreksel van die rekeningkundige rekords van JB Handelaars op 28 Februarie 2006:**

| | | |
|---|---|---|
| Kapitaal: J Juggie (28 Februarie 2006) R | 50 000 | |
| Kapitaal: B Balwan (28 Februarie 2006) | 75 000 | |
| Privaatrekening: J Juggie (1 Maart 2005) | 8 700 | Kt |
| Privaatrekening: B Balwan (1 Maart 2005) | 2 000 | Dt |
| Onttrekkings: J Juggie | 98 000 | |
| Onttrekkings: B Balwan | 77 000 | |
| Langtermynlening van Soweto Bank (18 % p.j.) | 54 000 | |
| Vaste bates | ? | |
| Krediteurekontrole | 65 600 | |
| Debiteurekontrole | 7 000 | |
| Opgelope inkomste/Inkomste ontvangbaar | 2 760 | |
| Handelsvoorraad | 56 700 | |
| Verbruiksgoedere voorhande | 1 700 | |
| Opgelope uitgawes/Uitgawes betaalbaar | 3 800 | |
| Wisselgeld | 3 000 | |
| Oortrokke bank | 2 700 | |
| Finansiële bates by Parys Bank | 68 000 | |

**Addisionele inligting op 28 Februarie 2006:**

1. Die netto wins vir die jaar beloop R179 300.

2. 'n Bedrag van R7 500 vir die langtermynlening moet aan Soweto Bank gedurende die volgende finansiële jaar betaal word.

3. Die finansiële bates van R68 000 by Parys Bank bestaan uit:
   - 'n Vaste deposito van R18 000 wat op 31 Maart 2006 verval.
   - 'n Vaste deposito van R50 000 wat op 30 Junie 2007 verval.

4. J Juggie het die volgende vir persoonlike gebruik op 27 Februarie 2006 onttrek:
   - Handelsvoorraad teen kosprys, R400
   - 'n Kontanttjek van R700

   Hierdie transaksies is nog nie geboekstaaf nie.

5. J Juggie het sy kapitaalrekening verminder deur 'n bedrag van R30 000 uit die besigheid op 31 Mei 2005 te onttrek. Dit is behoorlik geboekstaaf.

6. B. Balwan verhoog sy kapitaalbydrae deur rekenaartoerusting ter waarde van R15 000 aan die besigheid te gee op 28 Februarie 2006. Dit is behoorlik geboekstaaf.

7. Verdeling van netto wins tussen die vennote:

   7.1 Jim Juggie is geregtig op:
   - Rente op kapitaal teen 10% p.j. op sy kapitaalbydrae vir die jaar. (Let op veranderings gedurende die jaar.)
   - Salaris van R2 400 per maand meer as dié van Barry Balwan as gevolg van sy bestuursverpligtinge.
   - Oorblywende wins verdeel in verhouding tot die vennote se bydraes aan die einde van die jaar.

   7.2 Barry Balwan is geregtig op:
   - Rente op kapitaal van R6 000
   - 'n Jaarlikse salaristoelaag van R51 000
   - Verdeling van oorblywende wins R22 050

## 4.2 VENNOOTSKAPSBESLUITE

Barry Balwan beplan om voltyds vir JB Handelaars te werk aangesien sy ander besigheidbelange gesluit het. Dit impliseer:

- Die vennootskapsooreenkoms sal verander word om Barry Balwan dieselfde salaris as vir Jim Juggie te betaal.
- Barry Balwan sal die boekhouding in die toekoms doen (aangesien hy oor 'n rekeningkundige kwalifikasie beskik).
- Die dienste van die huidige boekhouer, Tom Cook, wat tans R60 000 per jaar verdien, sal nie langer benodig word nie. (Hy word 'n vervroegde pensioen aangebied en sal 'n eenmalige betaling van R75 000 ontvang van JB Handelaars en die pensioenfonds sal hom 'n maandelikse pensioen gelykstaande aan 70% van sy salaris betaal.)

**GEVRA:**

Dink jy dat dit voordelig is vir JB Handelaars om die voltydse dienste van vennoot Barry Balwan te gebruik en om Tom Cook met pensioen te laat aftree?
Gee TWEE redes vir jou antwoord. Verduidelik jou redes breedvoerig. (9)

**70**

## VRAAG 5

**BESLOTE KORPORASIE** **(45 punte; 20 minute)**

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van Mlambo Skryfbehoeftes BK. Die beslote korporasie word deur een lid, Dudu Mlambo, besit.

**GEVRA:**

5.1 Inkomstestaat vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2006. (32)

5.2 Nota tot die Balansstaat: Verdeelbare Reserwe (Behoue Inkomste) op 30 Junie 2006. (7)

5.3 Dudu Mlambo het 'n probleem. Sy wil haar besigheid uitbrei en ook op 'n oorsese vakansie gaan. Sy benodig geld vir albei. Sy nader jou vir advies. Verduidelik 'n geskikte opsie wat Dudu kan neem om elk van die volgende te finansier en verskaf kortliks 'n rede vir die keuse van elke opsie:

5.3.1 Uitbreiding van die besigheid (3)
5.3.2 Die oorsese vakansie (3)

**LET WEL: 'n Gedeeltelik voltooide Inkomstestaat en nota vir verdeelbare Reserwe (Behoue Inkomste) is voorsien in die spesiale antwoordeboek.**

**INLIGTING:**

**Sommige uittreksels van saldo's op 1 Julie 2005:**

| | |
|---|---|
| Lening van lid: Dudu Mlambo | R 50 000 |
| Opgelope uitgawes (rekeningkundige beampte se vergoeding) | 2 900 |
| Opgelope inkomste (kommissie-inkomste) | 1 600 |
| Behoue inkomste | 18 430 |
| Bank (gunstige) | 40 000 |
| Vaste deposito | 80 000 |

**Addisionele inligting op 30 Junie 2006:**

1. Die totale verkope vir die jaar beloop R560 000.
2. Die winsopslag op koste van verkope is 40%.
3. Die netto inkomste voor belasting is gelykstaande aan 13% van die verkope.
4. Die salaris aan die lid vir die jaar was R63 000. Dit is 60% van die totale salarisrekening van Mlambo Skryfbehoeftes BK vir die jaar.
5. Gedurende die finansiële jaar is R6 100 se kommissie kontant ontvang.
6. Waardevermindering op die afleweringsvoertuig is bereken op R5 300.
7. Die vaste deposito en sy rentekoers was onveranderd vir die afgelope drie jaar. Rente van R4 200 is ontvang tot 31 Maart 2006.
8. Gedurende die jaar is R54 600 se huur ontvang. In November 2005 het die huurder R2 800 uit sy sak betaal vir herstelwerk aan die dak en hy het die bedrag toe afgetrek van die Desember-huur wat hy betaal het. Dit was die

enigste uitgawe vir herstelwerk gedurende die jaar. Die maandelikse huur was konstant vir die laaste 18 maande en teen die einde van die huidige finansiële jaar het die huurder die huur vir Julie en Augustus vooruit betaal.

9. Rente op lening is aan Dudu Mlambo gedurende die jaar betaal, R4 500. Leningterugbetalings van R15 000 is ook gedurende die jaar aan haar gemaak.

10. 'n Totale bedrag van R14 700 is per tjek gedurende die jaar betaal aan 'n rekenkundige beampte as vergoeding. 'n Bedrag van R1 800 was egter nog verskuldig aan die rekenkundige beampte soos op 30 Junie 2006.

11. Alle ander uitgawes word beskou as diverse uitgawes (dit is die ontbrekende bedrag in die Inkomstestaat).

12. Twee voorlopige belastingbetalings van R12 000 elk, is gedurende die jaar gemaak. Die belastingaanslag vir 2006 reflekteer 'n terugbetaling van R3 840.

13. 'n Interim verdeling van R14 000 is aan Dudu Mlambo gemaak op 3 Desember 2005. Nadat Dudu 'n finale verdeling aan haarself gemaak het wil sy 'n bedrag van R25 000 as 'n behoue inkomste aan die einde van die jaar hê.

**INKOMSTESTAAT VAN MLAMBO SKRYFBEHOEFTES BK VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNE 2006**

| | R |
|---|---|
| Verkope vir die jaar | 560 000 |
| Koste van verkope | ( ? ) |
| Bruto wins vir die jaar | ? |
| Ander inkomste | ? |
| Kommissie-inkomste | ? |
| Huurinkomste | ? |
| Bruto inkomste | ? |
| Bedryfsuitgawes | ( ? ) |
| Lid se salaris | 63 000 |
| Salaris (algemeen) | ? |
| Herstelwerk | ? |
| Rekenkundige beampte se vergoeding | ? |
| Waardevermindering | 5 300 |
| Diverse uitgawes | ? |
| Bedryfswins vir die jaar | ? |
| Rente-inkomste | ? |
| Inkomste voor rente-uitgawe | ? |
| Rente-uitgawe | ( 4 500 ) |
| Netto inkomste voor belasting | ? |
| Inkomstebelasting | ( ? ) |
| Netto inkomste na belasting | ? |

**45**

## VRAAG 6

**DEBITEURE EN HANDELSVOORRAAD (65 punte; 29 minute)**

### 6.1 GROOTBOEKREKENINGE

Jy word voorsien van die inligting uit die rekords van Chinz Handelaars. Die besigheid gebruik 'n kontrolerekeningstelsel en die deurlopende voorraadstelsel.

**GEVRA:**

6.1.1 Debiteurekontrolerekening (19)
6.1.2 Handelsvoorraadrekening (16)

Toon folioverwysings in die rekeninge om aan te dui watter joernale gebruik is.

**INLIGTING:**

- **Saldo's op 1 Maart 2006:**

Debiteurekontrole R43 200 Handelsvoorraad R64 800

- **Opsomming van transaksies geneem uit die joernale op 31 Maart 2006:**

| | | |
|---|---|---|
| Kontantverkope van goedere (winsopslag 80% op kosprys) | R | 9 000 |
| Tjeks uitgereik aan krediteure vir betalings van rekeninge | | 11 100 |
| Kontant ontvang van debiteure | | 15 000 |
| Korting ontvang van krediteure | | 420 |
| Korting toegestaan aan debiteure | | 700 |
| Kontantaankope van handelsvoorraad | | 11 900 |
| Skryfbehoeftes op krediet aangekoop | | 1 200 |
| Tjeks van debiteure by die bank gedishonoreer | | 800 |
| Kredietverkope van goedere aan debiteure (bruto wins was R16 000) | | 36 000 |
| Toerusting aangekoop op krediet | | 4 400 |
| Afslag toegestaan aan debiteure (koste van verkope was R3 800) | | 5 400 |
| Handelsvoorraad aangekoop op krediet | | 12 500 |
| Handelsvoorraad teruggestuur aan krediteure | | 2 200 |

- **Addisionele inligting:**

Goedere is van voorraad geneem deur die eienaar teen kosprys. Die verkoopsprys van hierdie goedere was R720 en die kosprys R400.

'n Debiteur wie se rekening van R500 vir 4 maande uitstaande was, is belas met 12% rente p.j.

Die rekening van 'n debiteur met 'n kredietsaldo van R600, moet na die Krediteuregrootboek oorgedra word.

'n Debiteur wat R750 skuld, is insolvent verklaar. Sy boedel betaal 40 sent in die rand uit. Die bedrag is ontvang en is ingesluit by die bedrag ontvang van debiteure. Die res van sy rekening moet afgeskryf word.

## 6.2 LIKIDITEIT

Die volgende inligting is uit die finansiële state van Chintz Handelaars verkry vir die vorige finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2006:

| | **2006 28 Februarie** | **2005 28 Februarie** |
|---|---|---|
| Bedryfsbates | R110 400 | |
| Bedryfslaste | R65 100 | |
| Voorraad (alle handelsvoorraad) | R64 800 | R108 000 |
| Debiteurekontrole | R43 200 | R38 000 |
| Totale verkope (75% op krediet) | R468 000 | |
| Koste van verkope | R260 000 | |

**GEVRA:**

6.2.1 Bereken die vuurproefverhouding op 28 Februarie 2006. (4)

6.2.2 Bereken die debiteureinvorderingstermyn vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2006. (5)

6.2.3 Bereken die omsetsnelheid van voorraad vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2006. (5)

6.2.4 Lewer kommentaar op jou bostaande berekeninge. Moet Chintz Handelaars tevrede wees met die likiditeitsituasie? Verduidelik kortliks en haal bedrae of syfers aan om jou mening te staaf.

Die volgende vergelykings word vir die 2005 finansiële jaar voorsien:

Vuurproefverhouding 0,9:1
Debiteure invorderingstermyn: 35 dae
Omsetsnelheid van voorraad: 5 keer (10)

6.2.5 Nancy Dube het onlangs oorgeneem as die persoon verantwoordelik vir debiteure in die besigheid. Noem DRIE belangrike take wat sy moet uitvoer om te verseker dat die debiteure die korrekte bedrae stiptelik betaal. (6)

**65**

## VRAAG 7

**VASTE BATES** **(50 punte; 27 minute)**

### 7.1 KOSMOS TAXIDIENSTE

Ron Lucas is die alleeneienaar van Kosmos Taxidienste. Hy het op 1 Maart 2002 met die besigheid begin. Op daardie dag het hy grond en geboue ter waarde van R300 000 verskaf en het hy drie eenderse taxi's, ter waarde van R330 000 (d.i. R110 000 elk) aangekoop.

Kosmos Taxidienste het nie enige voertuie gedurende die eerste drie finansiële jare aangekoop of verkoop nie.

**GEVRA:**

Die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006, die laaste dag van die vierde finansiële jaar:

7.1.1 Bateverkoperekening (8)

7.1.2 Opgehoopte waardevermindering op voertuie (13)

7.1.3 Nota tot die Balansstaat: Vaste bates
(Die totaalkolom word nie verlang nie.) (17)

**INLIGTING**

2005

Mei 31 Kosmos Handelaars verkoop een taxi vir R45 000 kontant. Hierdie voertuig is op 1 Maart 2002 vir R110 000 aangekoop. Daar word jaarliks waardevermindering op die voertuig afgeskryf teen 20% op die kosprys.

Aug 31 'n Nuwe taxi is op krediet van Mamelodi Motors vir R200 000 aangekoop.

Okt 31 'n Nuwe motorhuis is teen 'n koste van R60 000 gebou en herstelwerk is aan die dak van die kantoor vir R12 000 gedoen.

2006
Feb 28 Die beleid van waardevermindering het nie verander sedert Kosmos Taxidienste begin het met besigheid nie. Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% p.j. op die kosprys.

## 7.2 JUPITER TAXIDIENSTE

Syd Allan bedryf 'n mededingende taxibesigheid genaamd Jupiter Taxidienste.

Hy is bekommerd dat sy inkomste uit taxifooie nie ooreenstem met sy begroting van R1 500 000 nie en dat die brandstof en herstelwerk sy begroting van R710 000 oorskry het.

Hy het die volgende inligting uit sy Grootboek, die Vastebateregister en ander verslae op 28 Februarie 2006, die laaste dag van die finansiële jaar, verkry.

**GEVRA**:

Oorweeg die inligting wat hieronder voorsien is. Verduidelik of Syd bekommerd moet wees, al dan nie, in verband met enige probleem of aspek ten opsigte van elke voertuig. Haal bedrae aan om jou mening te staaf. (12)

**INLIGTING:**

| | Taxi 1 | Taxi 2 | Taxi 3 |
|---|---|---|---|
| Naam van bestuurder | Freddy | Robbie | Shirley |
| Datum aangekoop | 1 Maart 1995 | 1 Maart 2003 | 1 Maart 2005 |
| Kosprys van voertuig | R45 000 | R180 000 | R300 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | R44 999 | R36 000 | R60 000 |
| Bedrag van inkomste verkry | R618 300 | R222 800 | R279 900 |
| Kilometer afgelê vir die laaste jaar | 68 700 km | 69 200 km | 31 100 km |
| Brandstof en herstelkoste vir die jaar | R439 680 | R290 640 | R136 840 |
| Brandstof en herstelkoste per kilometer | R6,40 | R4,38 | R4,40 |

**50**

**TOTAAL: 400**

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**KANDIDAAT SE EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OKTOBER/NOVEMBER 2006**

*DEPARTEMENT VAN ONDERWYS*

# REKENINGKUNDE HOËR GRAAD

*SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 22 bladsye.**

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1. | | | |
| 2. | | | |
| 3. | | | |
| 4. | | | |
| 5. | | | |
| 6. | | | |
| 7. | | | |
| **TOTAAL** | | | |

Kopiereg voorbehou

GAUTENG

X25

Blaai om asseblief

## VRAAG 1

| 1.1.1 Hoeveel van die uitstaande ledegeld van 2004 is in 2005 ingevorder? |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

| 1.1.2 Bereken die aantal lede wat die klub verlaat het en die helfte van hulle ledegeld terugontvang het. |
|---|
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

| 1.1.3 Bereken die aantal lede wat in die klub geregistreer is op 31 Desember 2005. |
|---|
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 5 |

| **1.1.4 Verskaf EEN moontlike verduideliking vir die bedrag van R2 000 aan die kredietkant van die Ledegeldrekening.** |
|---|
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 2 |

| **1.1.5 Die voorsitter is bekommerd dat die gemeenskap van Inanda nie die klub ondersteun nie. Verduidelik TWEE moontlike redes vir sy bekommernis.** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

**1.1.6 Bedrae wat verskyn in die Staat van Ontvangste en Betalings en op die Staat van Inkomstes en Uitgawes**

| Staat van Ontvangste en Betalings | | Staat van Inkomste en Uitgawes | |
|---|---|---|---|
| **Beskrywing van inskrywing** | **Bedrag** | **Beskrywing van inskrywing** | **Bedrag** |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

| |
|---|
| |
| 10 |

| **1.1.7 Bereken die wins of verlies op die klubdans. Toon aan of hierdie bedrag 'n wins of verlies is.** |
|---|
| BEREKENING: |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| TOON AAN OF DIT 'N WINS OF VERLIES IS: |

| |
|---|
| 6 |

| **1.1.8 Die voorsitter is bekommerd dat die tesourier onbekwaam is met die invordering van fondse wat aan die klub verskuldig is. Verskaf TWEE redes om sy mening te staaf, deur toepaslike bedrae te benoem.** |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| 4 |

## VRAAG 1.2

| Bereken die wins op die verkoop van verversings vir die jaar geëindig 31 Desember 2005. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien. (Om hierdie bedrag te bereken, kan jy die relevante grootboekrekening opstel.) |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 16 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 55 |

## VRAAG 2

2.1

**WITBANK BEPERK**
**KONTANTBEGROTING VIR DIE KWARTAAL GEËINDIG 31 MAART 2007**

| **KONTANTONTVANGSTE** | **JANUARIE** | **FEBRUARIE** | **MAART** |
|---|---|---|---|
| Kontantverkope | **190 000** | **250 000** | |
| Huurinkomste | **5 000** | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | **195 000** | | |
| | | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope van voorraad | **38 000** | | |
| Betalings aan krediteure (vir voorraad) | **66 900** | | |
| Lone aan werknemers (15 werknemers) | **70 000** | | |
| Direkteursfooie (3 direkteure) | **45 000** | | |
| Diverse bedryfsuitgawes | **22 100** | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| **TOTALE BETALINGS** | **242 000** | | |
| **Kontantsurplus (tekort)** | **(47 000)** | | |
| **Banksaldo aan begin van maand** | **22 700** | | |
| **Banksaldo aan einde van maand** | **(24 300)** | | |

| |
|---|
| |
| **41** |

| | |
|---|---|
| 2.2 | **Dink jy dat die werkers se griewe gegrond is? Verskaf EEN rede TEN GUNSTE van die staking en EEN rede DAARTEEN. Haal in jou antwoord relevante bedrae uit die begroting aan.** |

| |
|---|
| |
| **9** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **50** |

# VRAAG 3

## 3.1

| UMZINTO BEPERK<br>KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2006 | | |
|---|---|---|
| KONTANTGEVOLGE VAN BEDRYFSAKTIWITEITE | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| KONTANTGEVOLGE VAN BELEGGINGSAKTIWITEITE | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE | | |
| | | |
| | | |
| NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE | | |
| KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN VAN JAAR | | |
| KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE VAN JAAR | | |

| |
|---|
| 29 |

| 3.2 Bereken die getal nuwe aandele uitgereik op 1 Maart 2005. |
| --- |
| |
| |
| |
| |

4

| 3.3 Bereken die prys waarteen elke nuwe aandeel op 1 Maart 2005 uitgereik is. |
| --- |
| |
| |
| |
| |

4

| 3.4 Bereken die skuld-tot-aandeelhouersbelangverhouding op 28 Februarie 2006. |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |

5

| 3.5 Dink jy dit is raadsaam om die lening so gou as moontlik terug te betaal? Verduidelik jou antwoord volledig deur gepaste bedrae of finansiële aanwysers aan te haal. |
| --- |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

9

**3.6 Verduidelik DRIE punte om die direkteure se stelling te ondersteun. Verwys na toepaslike finansiële aanwysers.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 9 |

**3.7 Sal jy jou aandele op die Aandelebeurs nou verkoop? Verskaf 'n geldige rede vir jou antwoord.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 5 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 65 |

## VRAAG 4

**4.1.1**

**JB HANDELAARS**
**NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2006**

**KAPITAALREKENINGE**

| | J Juggie | B Balwan |
|---|---|---|
| | R | R |
| Saldo aan die begin van die jaar | | 60 000 |
| Addisionele kapitaal bygedra | | 15 000 |
| Vermindering van kapitaal | | Nul |
| Saldo aan die einde van die jaar | | 75 000 |

**3**

**PRIVAATREKENINGE**

| | J Juggie | B Balwan |
|---|---|---|
| | R | R |
| | | |
| | | |
| Rente op kapitaal | | 6 000 |
| Salaris aan vennoot | | 51 000 |
| | | |
| Verdeling van oorblywende wins | | 22 050 |
| | | |
| Onttrekkings vir die jaar | | (77 000) |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**15**

**4.1.2**

| JB HANDELAARS<br>BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2006 | | |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | |
| | | |
| | | |
| **Bedryfsbates** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **TOTALE BATES** | | |
| | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Eienaarsbelang** | | |
| Kapitaal (sien nota) | | |
| Privaatrekening (sien nota) | | |
| **Nie-bedryfslaste** | | |
| | | |
| **Bedryfslaste** | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | | |

| |
|---|
| |
| **43** |

**4.2 Dink jy dat dit voordelig is vir JB Handelaars om die voltydse dienste van die vennoot Barry Balwan te gebruik en om Tom Cook met pensioen te laat aftree? Gee TWEE redes vir jou antwoord. Verduidelik jou redes breedvoerig.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 9 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **70** |

## VRAAG 5

**5.1**

**MLAMBO SKRYFBEHOEFTES BK**
**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNE 2006**

| | R | |
|---|---|---|
| Verkope vir die jaar | **560 000** | |
| Koste van verkope | | |
| Bruto wins vir die jaar | | |
| Ander inkomste | | |
| Kommissie-inkomste | | |
| Huurinkomste | | |
| Bruto inkomste | | |
| Bedryfsuitgawes | | |
| Lid se salaris | **63 000** | |
| Salarisse (algemeen) | | |
| Herstelwerk | | |
| Rekeningkundige beampte se vergoeding | | |
| Waardevermindering | **5 300** | |
| Diverse uitgawes | | |
| Bedryfswins vir die jaar | | |
| Rente-inkomste | | |
| Wins voor rente-uitgawe | | |
| Rente-uitgawe | **( 4 500 )** | |
| Netto inkomste voor belasting | | |
| Belasting | | |
| Netto inkomste na belasting | | |

**32**

## 5.2 NOTA TOT DIE BALANSSTAAT: VERDEELBARE RESERWES (BEHOUE INKOMSTE)

| | |
|---|---|
| Saldo aan die einde van die vorige jaar | **R18 430** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **7** |

| | |
|---|---|
| **5.3** | **Verduidelik 'n geskikte opsie wat Dudu kan neem om elk van die volgende te finansier en verskaf kortliks 'n rede vir die keuse van elke opsie.** |
| **5.3.1** | **Opsie vir die uitbreiding van besigheid (met rede)** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| **5.3.2** | **Opsie om op 'n oorsese vakansie te gaan (met rede)** |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| **6** |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **45** |

## VRAAG 6

**6.1.1**

**Dt ALGEMENE GROOTBOEK VAN CHINTZ HANDELAARS Kt**

**DEBITEUREKONTROLEREKENING**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2006 Mrt | 1 | Saldo | a/b | 43 200 | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **19** |

**6.1.2**

**Dt HANDELSVOORRAADREKENING Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2006 Mrt | 1 | Saldo | a/b | 64 800 | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| |
|---|
| |
| **16** |

**6.2.1 Bereken die vuurproefverhouding op 28 Februarie 2006.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 4 |

**6.2.2 Bereken die debiteureinvorderingstermyn vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 5 |

**6.2.3 Bereken die omsetsnelheid van voorraad vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| 5 |

**6.2.4 Sal Chintz Handelaars tevrede wees met die likiditeitsituasie? Verduidelik kortliks en haal bedrae of syfers aan om jou mening te staaf.**

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| 10 |

| 6.2.5 Noem DRIE belangrike take wat sy moet uitvoer om te verseker dat die debiteure die korrekte bedrae stiptelik betaal. |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |
| |

| |
|---|
| |
| 6 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 65 |

## VRAAG 7

**7.1.1**

| Dt | | ALGEMENE GROOTBOEK VAN COSMOS TAXIDIENSTE | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | BATEVERKOPE | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| 8 |
|---|

**7.1.2**

| | | OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING OP VOERTUIE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2005 Mrt | 1 | Saldo a/b | 198 000 |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

| 13 |
|---|

## 7.1.3 NOTA TOT DIE BALANSSTAAT: VASTE BATES

| VASTE BATES/TASBARE BATES | Grond & geboue | Voertuie |
|---|---|---|
| | | |
| Kosprys aan begin van die jaar | 300 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering | (0) | (198 000) |
| | | |
| | | |
| **Bewegings** | | |
| Toevoegings | | 200 000 |
| Bateverkope | | |
| Waardevermindering | | |
| | | |
| | | |
| Kosprys aan einde van die jaar | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | |
| | | |

| |
|---|
| 17 |

| 7.2 | Verduidelik of Syd bekommerd moet wees, al dan nie, in verband met enige probleem of aspek ten opsigte van elke voertuig. Haal bedrae aan om jou mening te staaf. |
|---|---|
| Taxi 1: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Taxi 2: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| Taxi 3: | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

| |
|---|
| |
| 12 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 50 |



GAUTENG